# Boekbesprekings / Book Reviews

**Best, Thomas F & Heller, Dagmar (Ed) 1998 – Eucharistic Worship in Ecumenical Contexts: The Lima Liturgy – and beyond**

Genève: WCC Publications. 166 Bladsye. Prys onbekend

**Resensent: Dr Elsabé Kloppers**

Die wêreldwye liturgiese vernuwing wat die afgelope eeu plaasgevind het, het veral gedurende die laaste vyftig jaar tot 'n hoogtepunt gekom. Dié proses het helaas bykans ongemerk aan die Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika verbygegaan. Die vernaamste doelstelling van die vernuwingsbewegings was 'n poging tot herontdekking van die vroegste oorspronge en gebruike van die Christelike geloof en om weer vanuit dié beginsels die erediens in te rig en te vier. Dié ontwikkeling het hand aan hand geloop met 'n groter ekumeniese bewussyn wat ontwikkel het. Die verskillende kerke het steeds hul eie aard behou, maar het begin soek na die gemeenskaplike erfenis waardeur hulle gebind word en wat hulle ook in staat sou stel om (per geleentheid) saam die Nagmaal te vier. Hierdie boek is die neerslag van 'n byeenkoms gedurende Mei 1995 van 'n groep Christene van verskillende kerke en belydenisse by die Ekumeniese Instituut, Bossey, Switserland. Die Lima-liturgie, 'n ekumeniese liturgie wat gedurende 1982 tydens 'n byeenkoms van die WCC in Peru tot stand gekom het, het die uitgangspunt gevorm vir 'n terugblik, kritiek en waardering, asook die bespreking van verdere moontlikhede.

Die byeenkoms het die vorm van 'n seminaar aangeneem, waar liturgies-teologiese uitgangspunte voorgelê en bespreek is. Tydens konkrete liturgiese momente is nuwe liturgiese materiaal ervaar wat telkens weer verder bespreek en verfyn is. Die boek bestaan uit vier dele wat hierdie werkswyse reflekteer. Die eerste deel bevat die inleiding van die redakteurs en dié van 'n deelnemer wat oor die ekumeniese liturgie in beginsel en praktyk handel. Die tweede deel bied nadenke oor die Lima-liturgie, die oorsprong, bedoeling, struktuur, moontlike aanpassing van dié liturgie en 'n gesamentlike voorstel van die deelnemers betreffende die uitgangspunte vir die viering van die Nagmaaldiens by ekumeniese byeenkomste. Die derde deel reflekteer veral die meer praktiese aspek en bied tekste vir die liturgie wat uit die byeenkoms voortspruit of wat daar ervaar is. Die musiek uit verskillende wêrelddele is as voorbeeldmateriaal besonder interessant. In deel vier word materiaal gebied vir nadenke oor die struktuur en inhoud van die Nagmaaldiens.

Binne die ekumenies-liturgiese beweging het navorsingsgroepe veral oor drie sake konsensus bereik. Eerstens die belang van die basiese, oorgelewerde vorm, die *ordo*, van die erediens. Dit word in die Nuwe Testament, asook vanuit die getuienis in die antieke bronne van die Oosterse en Westerse Kerke begrond. Tweedens die belang van plaaslike inkulturering van hierdie vorm in bepaalde kultuursituasies. Derdens die wedersydse verryking van die ander kerke in ekumeniese verband, vanuit hierdie bepaalde kultuursituasies en die outentieke wyses van inkulturering in elke plaaslike kerk. Die boek bied waardevolle perspektiewe op al dié aspekte. Dit blyk duidelik dat vernuwing nie maar lukraak geskied nie, maar in noue verbondenheid met die oorgelewerde tradisie en die breër kerk. Dit is nie ligte leesstof nie, maar noodsaaklik vir fundamentele nadenke en gesprek oor liturgiese vernuwing en vir enigeen wat kreatief met die inrigting van die liturgie gemoeid is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services